Saterdag 11 April
Skrifgedeelte: Genesis 37:12-36
Fokusgedeelte: Genesis 37:36
God werk genadiglik met 'n plan

Josef se moeilikheid het begin toe hy 'n seun van 17 jaar oud was (Gen. 37:2). Sy broers was so vol haat teenoor hom en so jaloers op hom dat hulle saamgesweer het om hom dood te maak. Goddank het Ruben, die oudste broer, hulle gestop en so het dit gekom dat hulle vir eers net sy klere uitgetrek het, en hom in 'n put gegooi het. Daarna het hulle hom as 'n slaaf verkoop, en in daardie tyd was dit verskriklik om as 'n slaaf verkoop te word.

In Potifar se huis in Egipte, toe dit net begin lyk of dinge beter gaan, word Josef vals beskuldig en sonder 'n billike verhoor in die tronk gegooi. Josef het vir baie jare in die tronk gesit tot hy ongeveer 30 jaar oud was (Gen. 41:45-46), en in daardie tyd het die skinker wat sy saak by die koning moes gaan stel, ook nog van hom vergeet. Josef het dus vir 13 jaar die een na die ander beproewing beleef, en op daardie stadium het dit eintlik net "from bad to worse" gegaan. Josef het seker dikwels daar in die tronk gewonder hoekom God al hierdie goed in sy lewe toelaat. Mens kan jou indink dat hy baie vrae gehad het, en dat hy dikwels met God daaroor in gebed geworstel het.

Voel jy ook soms soos Josef? Partykeer voel dit mos of die een moeilikheid nog nie eers verby is nie, dan tref die volgende ramp jou al. En soms kan ons beproewings ook lank aanhou, sonder dat ons verstaan waarmee God besig is. Maar God het 'n groot genadige plan met hierdie kind van hom in Egipte. Dalk gaan jy ook deur allerlei beproewings omdat God 'n groot plan vir jou in ander se lewens het.

*Sing: Psalm 33-1:6*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)*